# DIE SOSIO-POLITIEKE OMGEWING EN DIE IMPAK DAARVAN OP AFRIKAANS

Aanbieding by Greyfriars, Gariepdam

7 April 2022

Theuns Eloff

TAO

# WAAR KOM ONS VANDAAN?

- Nadat die Britte apartheid geskep het, het Afrikaners dit ”vervolmaak”
- 1970-80’s: Soweto opstande, grensoorlog, noodtoestande, gesprekke
- 1990’s: Mandela vry, 1991 vredesverdrag, Kodesa, 1994 eerste demokratiese verkiesing, 1996 Grondwet
- Mandela jare eufories, Mbeki baie planne, ekon groei hoër as 4%
- Maar kaderontplooiing, korrupsie en rassetransformasie begin al
- Zuma staatskaping eers byna ongesiens, 9 “verlore jare”
- Ramaphosa: gevolge van staatskaping, korrupsie, rassetransformasie nou eers duidelik. Swak magsbasis, faksiegevegte, korrupsie dra by tot mislukkende staat

# WAT HET VERKEERD GEGAAN?

- ❖Eise en kompleksiteit van landsbestuur onderskat
- ❖Bly bevrydingsbeweging; skisofreniese ekonomiese beleid
- ❖Nasionale Demokratiese Rewolusie: al die hefbome v mag
- ❖Ideologie van rassetransformasie volgens 80-9-9-2 formule
- ❖Drie instrumente: regst aksie, gelyke indiensneming, SEB
- ❖Min tot geen ondervinding of bevoegdheid in staat oor
- ❖Kaders, korruptes en onbevoegdes in staat op alle vlakke
- ❖Toksiese kombinasie van rassetransfrmasie, kaderontplooiing en korrupsie
- ❖Swak implementering van redelike goeie planne
- ❖Zuma vererger dit alles

# WAT WAS DIE GEVOLGE?

- Gebrek kapasiteit byna hele staatsdiens – mislukkende staat
- Min/geen dienslewering, onderwys as bemagtiging misluk
- Onheilige drieling: armoede, ongelykheid, werkloosheid; ekonomie sukkel; diensleweringsbetogings daagliks
- Korrupsie op groot skaal, staatskaping deur ANC kaders
- SEB en toe-eiening lei tot ryk swart elite, groter ongelykheid
- Die ANC is meer verdeeld as ooit tevore sedert 1912
- Meerderheid in ANC eenstemmig oor rassetransformasie 80-9-9-2
- Meerderheid Suid-Afrikaners: frustrasie en woede
- Minderhede: ervaar polarisasie en vervreemding (Afrikaans)

TRUST VIR AFRIKAANSE ONDERWYS

# MAAR NIE ALLES IS NEGATIEF NIE

- Ons is (nog) nie ‘n volledig mislukte staat nie, slegs in dele
- Armoedevlakke laer - toelaes, inform ekonomie, beleggings
- Die regstelsel bly sterk (behalwe oor rassetransformasie)
- Misdaadvlakke het hier en daar gedaal
- Vordering om die staatskapers & korrupsie te begin vasvat
- Ace uit, Mkwebane oppad, Zuma nie meer politieke faktor
- Demokrasie verstewig – ANC onder 50% in plaaslike verkiesings, onafhanklike groepe, koalisies
- Burgerlike samelewingsorganisasies sterker
- President Ramaphosa se 2022 staatsrede

# WAAR GAAN ONS HEEN? SCENARIOS…(1)

- **Uitgansgpunte wat wyd aanvaar word:**
  - Ramaphosa bly ANC en RSA president na Desember 2022
  - ANC kry minder as 50% in 2024 en waarskynlik minder as 40% in 2029
  - Geen opposisieparty kry alleen die meerderheid in 2024 of 2029 nie
  - Ramaphosa-geleide ANC sal nie in 2024 in koalisie met EFF gaan nie
  - Ekonomie verswak algaande, drastiese hervormings nodig
  - Staat is ten dele mislukkend, en dienslewering gaan verder verswak

# WAAR GAAN ONS HEEN? SCENARIOS…(2)

- **Scenario 1** (55%)
  - ANC bly aan bewind in 2024 met 'n paar klein koalisievennote
  - Mate van politieke stabiliteit, maar steeds swak regering, ekonomie nog swakker
  - Faksiegevegte in ANC kniehalter enige Ramaphosa-hervormings
  - Nie genoeg vordering om in 2029 nie onder 40% te val nie
  - Opposisiepolitiek word sterker, maar niemand oorheers nie
  - Opposisiekoalisie neem in 2029 oor

# WAAR GAAN ONS HEEN? SCENARIOS…(3)

- **Scenario 2** (30%)
  - Die CR-ANC (25%) gaan in ‘n “grand coalition” met die DA (20%), Action SA (5%), die VF+ (4%), IVP (4%), Maimane (3%)– kry 60%
  - Dalk met ‘n nuwe sambreelnaam?
  - Groter politieke stabiliteit, meer en vinniger hervormings, ekonomie begin regkom
  - Die RET-ANC breek weg en span saam met EFF en PA
  - Vir hierdie scenario is ‘n ‘n groot geveg tussen CR en RET voor Mei 2024 nodig (of dalk hoogs geheime ontmoetings?)
  - Hierdie “groot” koalisie wen ook 2029 verkiesing met meer as 55% - dalk met ‘n nuwe naam en as ‘n nuwe party

# WAAR GAAN ONS HEEN? SCENARIOS…(4)

- **Scenario 3** (15%)
  - CR bly president, maar drie/vier van die groot ses is RET makkers; hulle bemoeilik sy lewe en werk
  - ANC gaan in 2024 koalisie met kleiner partye om aan bewind te bly
  - Geen politieke stabiliteit, geen hervormings, groter en erger faksiegevegte
  - Ekonomie val verder, meer multi-nasionale mpye onttrek
  - CR in 2027 of vroeër uitgestem, RET leier neem oor
  - ANC verloor verkiesing in 2029 teen opposisiekoalisie (wat ANC wegbrekers insluit)

# REAKSIE VD BURGERLIKE SAMELEWING

- Burgerlike samelewing nog sterker, dalk ‘n “nuwe” UDF?
- Wye gesprekke gevoer – “council of elders”?
- Doel: vorm verenigde front om ANC te druk/ondersteun om regte dinge te doen
- Afrikaanse gemeenskap konsolideer – veiligheid, onderwys, werk, landbou
- Afrikaanse gemeenskap begin al meer met ander gemeenskappe saamwerk (Afrikaner-African Initiative – sien later)
- Dele vd land en meeste groot stede bly sterk, dorpe word arbeidskampongs
- Maar die beste en die ergste gebeur nie in SA nie

# DIE STRYD VIR DIVERSITEIT EN MINDERHEDE

- Grondwetlike bepalings oor ras: regbank, staatsdiens, Kommissies
- Grootste negatiewe – die ideologie van (rasse)transformasie
- Gegrond op demografiese verteenwoordigendheid, met die formule (kwota) van 80-9-9-2 (en oppad na 83-7-9-1)
- Nie net die staat nie, elke samelewingsfaset en elke klein onderdeel daarvan (minderhede nêrens in beheer nie)(swart student)
- Hegemonie gegrond op ras maak oorheersing maklik, meerderheid vd bevolking "koop" die nuwe ideologie
- Akulturalisasie en lippediens aan veeltaligheid (tog positiewe tekens by swart intelligentsia oor moedertaalonderrig)
- Minderhede, veral Afr sprekendes ontuis en onveilig in land van geboorte

# AFRIKAANS IN DIE ONDERWYS: SKOLE

- Volgens minister Motshekga het openbare stelsel grootliks misluk
- Wes-Kaap en skole waar Afrikaans gebruik word nog uitsondering, maar vir hoe lank?
- Ongeveer 1250 Afrikaanse enkeltalige skole, 1200 parallelmedium oor (uit 24000) – maar laasgenoemde daal elke jaar
  - Groot politieke & demografiese druk (Lesufi voorloper, “gegrief”)
  - Impak van wysiging vd Skolewet en beheerliggame se magte
  - Impak van KH se besluite op parallelmedium skole (Middelburg)
- Afrikaanse leiers&ouers mede-verantwoordelik
- Gesprek met ministerie oor groter selfbestuur vir sekere skole positief
- Hou Afrikaanse openbare skole goed en vol – AON
- Kyk na onafhanklike skole: die MOS-inisiatief

# AFRIKAANS IN DIE ONDERWYS: TERSIÊR

- **Tegniese kolleges:**
  - Geen kollege wat lesings in Afrikaans aanbied nie (Wes-Kaap?)
  - Landboukolleges: Grootfontein en Potch aanvanklik tolking, nou Engels
  - Soltech enigste (R300m)
- **Universiteite:**
  - Histories Afrikaanse universiteite vou onder (eie?) druk (UP, UJ)
  - Grondwethof se UV uitspraak maak van art 29(2) "leë dop"
  - Parallel-onderrig is ongrondwetlik, gelyke diskriminasie
  - In Gelyke Kanse vs US word UV gehandhaaf, minderheid bekommerd
  - US dus reeds (enkele uitsonderings) Engels alleen
  - NWU (Potch) steeds paar jaar oor (geografie, rassetransformasie, nuwe rektor?)
  - UNISA uitspraak gee (bietjie) hoop, maar slegs elektronies
- Afrikaanse leiers&ouers mede-verantwoordelik
- Privatisering: Aros, Akademia

# VOORWAARDES VIR TOEKOMSTIGE AFRIKAANSE ONDERWYS

- Afrikaans as onderrigtaal ononderhandelbaar
- Kwaliteit ook ononderhandelbaar
- Toeganklik in terme van koste
- Nie-rassig en oop
- Gemeenskapsgerig en –gestuur: etos
- Bemagtigend (soos wat onderwys behoort te wees): tegnologie gebaseerd
- Hou Afrikaanse skole vol en goed
- Parallelle strategie – openbaar en privaat
- Bevorder alle moedertaalonderrig

TRUST VIR AFRIKAANSE ONDERWYS

# HOE REAGEER AFRIKANERS/AFRIKAANSES?


- Definisies: Afrikaner, Afrikaanse, Afrikaansprekende SAner
- Kaapse en Noordelike Afrikaners
- Gemeenskapsbou, plaaslik
  - Nie aantal Afrikaners wat die probleem is nie, dit is die verspreiding
  - Solidariteit se teikendorpe
- Instellings bou: nasionaal en plaaslik
  - Kultuur (ATKV, Erfenis Stigting, FAK, DAK Netwerk, Kaapse Forum)
  - Taal (Afr Taalraad, professionele verenigings)
  - Onderwys (openbaar en onafhanklik, AON, MOS, Soltech, Akademia)
  - Trusts (DBT, TAO, Takke, Hiemstra en HJMNF – amper R100m pj)
- "Staatsbestand" – sover as wat dit moontlik is
- Uitreik-aksies, maak bydrae tot land se toekoms

# DIE FAMILIE VAN AFRIKAANSE TRUSTS

- Dagbreektrust: 60’s, nou slegs vir kommersiële orgs
- Trust vir Afrikaanse Kuns, Kultuur en Erfenis (Nati, Afr.com)
- Trust vir Afrikaanse Onderwys: AON, Die MOS Inisiatief, Openbare Skole infrastruktuur (hou Afrikaanse skole vol en goed)
- Kapitaal: meer as R1 miljard
- Jaarlikse toekennings R60m
- Strategie:
  - Werk met vennote saam (van kern tot slegs projekte)
  - Stig nuwe organisasies waar vakuum en behoefte bestaan (AON, Nati, Afr.com)
  - TAO spesifiek: bevorder en behou die pyplyn van Afrikaanse onderwys

# 'N PYPLYN VIR AFRIKAANSE ONDERWYS

'n Kontinuum…



# AFRIKAANSE ONDERWYSNETWERK

- AON in 2018 gestig, na aanleiding van behoefte van groter koördinering itv Afrikaanse openbare skole
- Direksie sluit SAOU, Fedsas en SOS in, plus onafhanklikes; hoof – Daan Potgieter
- Benewens koördineer en mentor, ook fasiliteer (Kroonstad en Wysigingswet op Onderwys)
- Geakkrediteer by Noord-Kaapse onderwys as opleier
- Sterk klem op Vroeë Kinderontwikkeling (VKO), maar onseker omdat dit nou na openbare skole skuif

# DIE MOS INISIATIEF

- In 2019 gestig met saadkapitaal van die TAO
- Afrikaans, tegnologies-gebaseerde leerstelsel (nie tradisioneel vir gr 4-12)
- UH Roedolf vd Westhuizen, direksie klein, maar divers
- Na Covid-19 terugslag, nou 6 skole, ong 1000 leerders
  - Drie kleuterskole: Rustenburg, Pretoria 2
  - Een volledige skool: Futurum Akademie (Hartswater)
  - Een (klein) hoërskool (Beaufort-wes)
  - Een aanlynskool/tuisskool (340 leerders van gr 4-11)
- In wording: nog 6 skole in volgende 18 maande (Wes-Kaap, Mpumalanga)
- 2022: soek nuwe beleggers ter waarde van R40m

# AFRIKANER-AFRICA INITIATIVE

- Behoefte Thabo Mbei Stigting (TMS) om nuwe gesprek met Afrikaners te begin
- Spesifiek ons “kan doen” en “self help” houding vis a vis die afhanklikheid van swart Suid-Afrikaners (deur ANC-regering gekweek)
- Gesprekke sedert 2015, in 2020 gestig: eerlik en reguit, TMS besorg land & ANC
- Oorsigkomitee, stuurkomitee, gesamentlike voorsitters
- Afrikanerkant: SB, AB, SAAWK, NEASA en op projekbasis AgriSA
- Op die oomblik geen bruin Afrikaanse organisasies nie, geen beginselbeswaar (Kaapse Forum?)
- Projekkomitees: ekonomie, landbou, onderwys, plaaslike owerhede, inheemse gemeenskappe (kultuurverdrag)
- Vorder stadig maar seker

# SAMEVATTING

- ‘n Moeilike en stormagtige tydjie vorentoe - veral tot 2024
- Maar ons is in die draaipunt.. U-vorm van herstel – scenarios
- As land gewoond om naby afgrond te kom & dan weg te draai
- Behou:
    - Balans – sien die ander kant van die saak, verstaan
    - Tyd – wat is 10 of 15 jaar in ‘n land se geskiedenis?
    - Humor – dit help ons om te oorleef
    - Realisme – sien die hele prentjie raak
    - Hoop – as Christene kan ons nie anders nie
    - Geloof – God bly in beheer
    - Perspektief….

# PERSPEKTIEF....

